IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

# die WAPAD

ASPU

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXIII NOMMER 16 6 OKTOBER 1978

Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# SGD WORD WERKLIKHEID

**'n Komitee van ondersoek wat deur die Rektor, prof. Tjaart van der Walt, aangestel is, het positief berig oor die instelling van Studente-gemeenskapsdiens (SGD). Daar het 'n behoefte by verenigings ontstaan wat gemeenskapsdiens verrig, aan 'n omvattende, oorkoepelende liggaam, aangesien daar in die verlede geen koördinasie was nie en elke vereniging op sy eis voortgegaan het.**

Donderdagaand, 28 September 1978 is daar 'n SGD vergadering gehou waarby nege verenigings betrokke was. Almal is baie gretig om gemeenskapsdiens deur middel van hul verenigings te lewer. Die verenigings wat verteenwoordig was, is Caritas, Voortrekkers, Ikapu, Admissiebond, PASV, Liber Factus, SRVP, Theologika en Hulpprojek. Op die vergadering is daar ooreengekom dat die verskillende verenigings moet bepaal wat die behoefte aan dienslewering is, en watter behoefte daar ten opsigte van kennis, finansies en vervoer mag ontstaan.

Daar word ook 'n beroep gedoen op alle ander verenigings wat belang mag stel om gemeenskapsdiens te verrig, om na vore te tree, aangesien SGD nou 'n werklikheid geword het. Hulle kan meld watter soort dienste hulle graag sal wil lewer. In dié verband kan hulle skakel met mnr. S. Eckley of mnr. Petri de Kock. Daar word beoog om 'n Bestuursraad vir SGD binne twee weke saam te stel wat uit die verenigings verkies sal word.

Alle Karnavalfondse van volgende jaar sal in SGD gestort word, wat dit 'n groot stoot behoort te gee.

**Die SSR het bekendgemaak dat die volgende monstervergadering op Maandagaand 16 Oktober om 20h00 in die Totiussaal gehou sal word. Die vergadering word gehou na aanleiding van 'n mosie wat op die vorige monstervergadering ingedien is.**

**Die SSR-jaarbeplanning en datums vir 1979 sal by die geleentheid aan die studente voorgehou word. Oriëntering '79 verskyn ook op die agenda. Alle byvoegings tot die sakelys moet vóór Donderdag 12 Oktober by die SSR-sekretaris ingehandig word.**

**Mosies of voorstelle moet skriftelik ingedien word op mosievorms wat beskikbaar sal wees.**

**Dit is 'n geslote vergadering waarop slegs ingeskrewe studente van die PU welkom is. Ander persone kan egter die vergadering met die nodige toestemming bywoon.**

**Na afloop van die vergadering sal die nuwe film van Departement Ontwikkeling,** *O Pukkie jy*, vertoon word. Die film duur ongeveer 45 minute.

# PROBLEME OPGELOS

**Prof. C J Reinecke het, in opdrag van die rektor, 'n komitee, wat met die daarstelling van 'n studenteburo belas is, saamgestel.**

Hierdie komitee bestaan onder andere uit mnre. Fika van Rensburg, Maarten Bekker, Joggie Hattingh, Theuns Eloff, Douw Breedt en ds. Ben de Klerk.

Die instelling van só 'n buro is in beginsel op die pas afgelope raadsitting goedgekeur. Die beheerkomitee bestaan uit die rektor, 'n voorsitter, direkteur, die SSR-voorsitter en drie ander lede. Die konstituering het nog nie plaasgevind nie.

Die pligte van die direkteur behels die volgende:

Die direkteur is die skakel tussen die rektor en die georganiseerde studentelewe en hy is direk aan die rektor verantwoordelik. Die direkteur sal alle sake rakende die studentelewe onder die rektor se aandag bring.

Die direkteur sal oorwoë kontak bewerkstellig maar nie namens 'n studenteliggaam optree nie. Die rektor, die direkteur en die voorsitter van die beheerkomitee sal voortdurend in noue skakeling wees.

Die buro sal koördinering op alle vlakke bewerkstellig en adviserend vanaf voornemende studente, tot die mees senior studente, optree. Waar die buro se eie fasiliteite tekort skiet, sal studente na ander instansies verwys word.

Losiesreëlings bly dieselfde, maar meer aandag sal aan privaatlosies geskenk word.

Die buro sal daadwerklik na harmonie, samewerking en wedersydse vertroue tussen studente onderling, maar ook tussen studente en owerheid, strewe. Die diensmotief sal die buro se wagwoord wees, en studente sal met enige probleem daar kan aanmeld.

Die beskeie begin van die beïmplementeerde buro moet en kan tot 'n dinamiese diensfaktor uitgebou word. Die buro sal altyd die beeld van die universiteit in die gees van die leuse uitdra en uitbou.

## IN MEMORIAM

**Die Wapadredaksie wil hiermee sy meegevoel betuig met die familie en naasbestaandes van Johan Hunt, gewese Springbok driesprongatleet en vroeër aan die PU verbonde wat op Vrydag, 28 September 1978, oorlede is.**

# UNIVERSITEITSGELDE VERKLAAR

**Verskeie mense het na die onlangse verhoging van koshuisgelde gevra waarvoor koshuisgelde aangewend word. Die uiteensetting van die gebruik van koshuisgelde is dié van 1977.**

Die totale bedrag wat aan kosware bestee is, beloop R735 678. Hieronder is 240 000 kg vars vleis wat R290 000 gekos het. Die verwerkte vleis deur die jaar was altesaam 32 300 kg en het die Universiteit R41 044 uit die sak gejaag. Die groente en vrugte het R104 891 gekos en die 355 187 liter melk wat verlede jaar gedrink is, R85 245. Die totale gebruik van kruideniersware per dag het R101 968 beloop.

Verdere uitgawes soos krag en water, wasserydienste, salarisse en administrasie, huurgeld van geboue het saam met die kosware die reuse bedrag van R1 876 731 beloop.

As hierdie bedrag deur 2 824 (getal studente in koshuise) gedeel word, werk dit uit op 'n bedrag van R664 per student per jaar. Die koshuisgeld per jaar in 1977 was R650.

Mnr. Fick van die koshuisadministrasie sê die verlies in 1978 is nog groter en het die verhoging in koshuisgelde genoodsaak.

# KAMPUS VIER FEES

**Die wilgers staan reeds donkergroen én . . . die akkerbome het begin bot. Vir menige Puk is dit die teken dat die jaar nou einde se kant toe staan en dat die tyd van rekenskap nou vinnig naderkom. Die druk van toetse en eksamen lê swaar. Kampusfees '78 bied aan elke Puk-student die geleentheid om te ontspan.**

Die Kampusfees sal op 16 Oktober op die Fanie du Toit Sportterrein plaasvind. Daar sal braaivleis, toutrek, sonskyn, lentegees en ook ander vermaak wees. Van ongeveer vier uur af begin die Gymkana wat beloof om baie opwindend te wees. Die studente sal aktief betrek word en elke koshuis gaan aan die toutrekkompetisie deelneem. Die "boatrace" behoort groot pret te wees en ook groot aftrek te geniet.

Saam met die lente en die eksamen, is dit weer tyd vir die baardgroeikompetisie. Die komitee gaan weer eens mnr. Puk-baard aanwys. Vanuit die skoner geslag se geledere gaan daar vanjaar 'n mej. Lentenooi deur Aster aangewys word. Dit sal haar voorreg wees om die nuwe Besembos aan mev. Babie van der Walt te oorhandig en ook om die groot pryse wat gewen kan word, uit te deel.

Om ná al die pret die honger mae te vul en die droë kele te streel, word 'n massa bier en braai gereël. Studente word daarop gewys dat geen etes dié aand in die eetsale bedien sal word nie. Alle studente kan hulle kos om die braaivleisvure kom geniet.

● Die program vervolg op bl. 2.



*Die ideale klas.*

# VLAG

**Die Landsvlag wat elke dag voor die SSR-kantoor gehys word, het 'n unieke stukkie geskiedenis.**

Tydens Amajubadag vroeër hierdie jaar is hierdie vlag deur die Landsberaad van die Rapportryerskorps aan die PU geskenk.

Die oorhandiging is deur dr. Constant Bruinette waargeneem en die skenking is gemaak met die doel dat die vlag meer gereeld op die kampus moet wapper.

Die twee manskoshuise, Uitspan en Heimat, het vrywilliglik onderneem om die vlaghysing- en stryking elke dag waar te neem.

# STUDENTE DRAF NIE GRAAG

**'n Student word eksamentoelating geweier as hy een keer sonder wettige verskoning by 'n klas afwesig was.**

In 'n meningsopname waarom studente nie klasse bywoon nie, het die volgende aan die lig gekom:

Studente woon nie klasse by waarvan hulle reeds aantekeninge het nie. Sommige dosente praat so deurmekaar dat dit dieselfde is, of die student binne of buite die klas is. As rede word ook aangevoer dat studente verslaap of nie hulle middagslapie wil inperk nie.

'n Rede waarom sulke groot getalle studente klasse nie bywoon voor 'n langnaweek of voor Intervarsity nie, is omdat studente reken dat daar tog in elk geval so 'n groot aantal is wat nie die klasse bywoon nie, en almal kan tog nie eksamentoelating geweier word nie. 'n Belangrike rede is dat sekere dosente klasse afgee, en dat studente dan ook nie daarna voel om die res van die klasse by te woon nie.

Sommige kursusse is van so aard dat die student die grootste gedeelte van die betrokke kursus selfstandig kan doen; minder klasse sal in hierdie geval die akademiese peil verhoog, maar dan moet studente weer selfstandig werk.

POTCH SPEED DEN

Winkel No. 26 Tel. 4713

Hierdie week se Winskopies

| | |
|---|---|
| Kassette C 90 | 3 vir R3.99 |
| Bosch (drie golflengte radio F.M., S.W., S.W. 2.) + lugdraad, luidspreker + skaapvel vir u motor | R39.00 |
| Motorfiets Veiligheidshelms (oopgesig) | R17.95 |
| Champion Vonkproppe | 75c |
| Skaapvelpare vir motors | Vanaf R22.00 |
| Modder en Klipskerms | per stel R7.50 |
| Stuurwiel oortreksels - egte leer | R3.50 |
| Draagbare Radio's | Vanaf R19.50 |

Ekstra lae motorolie pryse
Belasting ingesluit

# VOORLIGTING HOU KONGRES

**Die Departement Voorligting en Besondere Onderwys en Departement Ontwikkeling het op 30 September 'n simposium aangebied in die nuwe Opvoedkundegebou.**

Daar is vyf referate gelewer en die verwelkoming is deur Prof. Tjaart van der Walt gedoen.

Mnr. P. Erasmus, 'n inspekteur van Onderwys, het die eerste referaat gelewer wat gehandel het oor die nuwe uitdaging wat die voorligtingsprogram vir die voorligter inhou. Uit hierdie referaat het die groot verantwoordelikheid wat die onderwyser aanvaar teenoor die onvolwasse en onmondige kind geblyk. Die onderwyser kan as opvoeder, 'n blywende invloed op die kind laat. Die referaat was in ses dele verdeel wat die hele definiëring van wat voorligting in sy verskillende fasette behels, bespreek het.

Mnr. Van der Walt het in sy referaat gepoog om praktiese riglyne te gee om die tegniek van onderhoudvoering vroeër te verstaan.

In sy referaat oor die gebruik van psigometriese gegewens, het mnr. F.C. Pelser, 'n beroepsvoorligter van 'n skoolkliniek in Potchefstroom, aangedui hoe om hierdie tegniese gegewens ten beste te benut. 'n Interessante feit wat hieruit geblyk het, is die waarde van die sogenaamde IK van 'n persoon. Dit moet baie versigtig deur die leerkrag gebruik word, aangesien dit slegs 'n hulpmiddel is. Dit dui maar net aan watter moontlike prestasie van 'n kind verwag kan word.

Prof. H.B. Kruger het voorligting as die taak van die opvoeder bespreek en mnr. C.J. Meyer (ook aan die PU verbonde) die Opvoedkundige Onderhoud.

'n Baie geslaagde simposium het plaasgevind wat beslis 'n bydrae gelewer het tot beter voorligting aan die persoon wat nog nie 'n beroepskeuse gemaak het nie.

*POLITIESE RAAD*



*Links na Regs: Chris Duvenhave O/Voorsitter; Lettie Zerwick Sekretaresse; Josef Kruger Programvergaderings en Sieg Eiselen Voorsitter.* *Cobus Petzer Penningmeester.*

# POLITIESE RAAD AKTIVEER DEUR OPTREDE

**"Maak Piet Koornhof Minister van Verdediging, dan sal jy net gerugte van oorlog hoor." Dit is die mening van sekere oningeligte studente.**

**Die studente kan eerstehandse kennis oor politiese sake by die verskillende aktiwiteite van die Politiese Raad kry. Hulle beplan 'n baie bedrywige termyn waarby soveel moontlik mense betrek sal word.**

Programvergaderings gaan sprekers van alle partye nooi sodat studente inligting direk van hulle kan kry. Vrae kan ook gestel word as daar onduidelikhede ontstaan.

Kontakpolitiek nooi ook alle sprekers uit, maar dit geskied meer op informele vlak. Nie soseer politici nie, maar kenners oor verskillende sake sal gekry word sodat 'n beter geheelbeeld van die politieke situasie verkry kan word.

In Studenteparlement is dit vir elke koshuis deur sy verteenwoordiger moontlik om tot die politieke arena toe te tree. Koshuise sal teen mekaar meeding en ook teen verteenwoordigers van ander kampusse.

Die ASB-studentekomitee doen hierdie termyn 'n diepte ondersoek oor aanstaande jaar se ASB onderwerpe en hou vergadering om PU kongresgangers deeglik in te lig en voor te berei.

Verskeie publikasies sal ook verskyn tydens hierdie termyn. Politiese Perspektief neem op korttermyn standpunt in oor politiese gebeure. Puk Nota Bene werk oor 'n langer termyn en versamel artikels oor omstrede sake deur kennis sodat die leser meer diepte en perspektief oor die besondere probleme kan bekom.

Studie Onderwerpe Komitee gee geleentheid aan mense om self na te vors oor verskillende onderwerpe.

Politiese Raad probeer om elke student wat in die politiek belangstel op 'n besondere terrein te betrek.

# PU HELP MET PRIVAATLOSIES

**Studente wat privaatlosies soek, kan deur Oom Joggie Hattingh by die Administrasiegebou gehelp word.**

Die privaatlosiesdiens bestaan reeds dertien jaar en is nie deel van mnr. Hattingh se gewone ampsplig nie.

Mense wat losies wil verskaf of in die hande wil kry, kan mnr. Hattingh persoonlik kontak of by 22112 x 216 skakel vir verdere besonderhede.

Daar bestaan tans 'n lys met 35 adresse van mense wat losies kan verskaf.

# STAATMAKERS ROEI LANG AFSTANDE

**Jukskei Staatmakers het die naweek geskiedenis gemaak deur aan die jaarlikse vlotvaart deel te neem. Die vlotvaart strek vanaf Vereniging tot Vanderbijlpark. Voortrekkers uit Transvaal, Natal en die Vrystaat het deelgeneem.**

Dit was die eerste keer dat Staatmakers deelgeneem het in die afdeling vir walvlotte. Dit is vlotte wat net voor die vaart op die afgelope week gebou word. Daar is ook 'n afdeling vir spogvlotte – hulle word vooraf gebou. In dié afdeling was Hendrik Verwoerd Staatmakers van Pretoria, die eerste om deel te neem.

Die roete is ongeveer 16 km lank en in drie skofte ingedeel. Aan die begin van elke skof kan ses vars roeiers opklim. Sommige Staties het vir meer as een skof kans gesien en met bloeiende hande en 'n seer lyf daarvan afgekom.

Saterdag is deur die meeste Staatmakers omgeslaap. Die jaar se bedrywighede is met 'n gesellige funksie in Johannesburg afgesluit.



*'n Bietjie ontspanning gedurende die Voortrekkerkongres in Durban. Met Henk Stoker aan die voorpunt word Ryk Brink (Kommandant Jukskei Staatmakers) uitgedra terwyl Johan Badenhorst (Kommandant President Staatmakers) toekyk.*

# SLEEP IN KOREA

**Korpssel Dorp het Maandagaand, 25 September 1978 'n aksie gehou met die verhouding tussen die man en die vrou in Korea, as onderwerp.**

Professor Kim, dominee Lee en dominee Jung is uitgenooi om met die korpsmense te kom gesels. Interessant is die feit dat huwelike in Korea gereël word deur 'n tussenganger. Die tussenganger versamel inligting aangaande die voornemende bruidspaar en dra die inligting wedersyds oor. Deesdae kom daar wel gevalle voor waar die twee mense wat in die huwelik uit tree, mekaar op die westerse manier die hof maak.

Egskeidings in Korea is minimaal. Onder Boedhiste word 'n syfer van een uit elke 40 huwelike gevind. Onder Christene is egskeiding egter 'n rare verskynsel. Verantwoordelikheid ten opsigte van 'n huweliksmaat is 'n vaste en mooi eienskap van die mense in Korea.

IE AT AAR ANNEER AAROM

# KRY 'JARE VIR 1979

AAN DIE begin van 1979 word 'n uitgawe van Die Wapad spesiaal vir eerstejaars uitgegee. Dit gee aan verenigings en rade die geleentheid om hulleself en hulle verenigings aan die eerstejaars bekend te stel. Die samewerking van die betrokke instansies word verlang. Geen inligting sal geplaas kan word as dit nie ontvang word nie.

'n Kort verslag oor die bedrywighede van die vereniging vir 1979 en veral die datum van die eerste vergadering is belangrik. Hierdie inligting moet voor 13 November in Die Wapadposbus, nr. 13 by die SSR-kantoor, geplaas word. Verenigings wat nie inligting deurstuur nie, sal nie dekking in dié koerant geniet nie. Swart-en-wit-foto's is welkom.

# PROGRAM

KAMPUSFEES 16 OKTOBER 1978

4.00nm: Motorgymkana
4.30nm: Toutrekkompetisie – mans/dames
5.30nm: Baardkompetisie
5.40nm: "Boat Race" Kompetisie
5.40nm: "Landing" van die Besembos
5.45nm: Oorhandiging van die Besembos – mev. B. van der Walt
6.00nm: Oorhandiging van pryse aan kompetisie wenners
6.00nm: Massa bier en braai
8.00nm: Kort massavergadering – Totiussaal
8.40nm: Filmvertoning "O Pukkie jy!" – Totiussaal

L.W. ALLE VERRIGTINGE VIND OP DIE FANIE DU TOIT SPORTTERREIN PLAAS TENSY DIT ANDERS AANGEDUI WORD.


# PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875


# DE KLERK-BEKER

DIE DE KLERK-BEKER het spoorloos verdwyn nadat dit by die sportdinee agter gebly het.

Die persoon wat dit geneem het, of enigiemand wat enige inligting daaroor het, moet by die sportinstituut of by Steinman de Bruyn, by die SSR-kantoor, gaan aanmeld.

HULPPROJEK word aangebied van 25 November tot 8 Desember by die Sekoekoeniland en Oos-Transvaal, by die Wildtuin. Die skietlys open volgende week by die SSR-kantoor, tussen 13h00 en 14h00.


# POTCH DRIVE-IN

Oktober '78 Tel. 21881

| | | |
|---|---|---|
| 16, 17 en 19 | | THE OTHER SIDE OF THE MOUNTAIN - Timothy Bottoms |
| 18, 20 en 21 | 2de | THE ISLAND OF DR. MOREAU - Burt Lancaster |
| 20-21 | 1ste | THE OTHER SIDE OF THE MOUNTAIN - Marilyn Hasset |
| 23-26 | | THE TURNING POINT - Anne Bancroft |
| 27-28 | 1ste | THE MAN IN THE IRON MASK - Richard Chamberlain |
| | 2de | EMBRYO - Rock Hudson |

Affikampus

INTERUNIVERSITÊRE REDAKSIE

# VERDOWINGSMIDDELS OP KAMPUS

**'n Ondersoek op die Rhodes-kampus het aan die lig gebring dat verdowingsmiddels vrylik deur die studente gebruik word.**


Die tweede jaar B.A. Kommunikasiekundestudente het die ondersoek geloods en verskeie persone se opinie omtrent die gebruik van verdowingsmiddels gevra.

Daar is gevind dat dames wat verdowingsmiddels gebruik baie slordig is en ook baie meer aangetrokke voel tot Swart studente. 'n Huismoeder het gesê dit is slegs 'n vorm van ontsnapping vir die studente en het dit bestempel as "not as bad for one's system".

'n Koshuisvader was van mening dat verslaafdes maar kan dagga rook solank hulle net nie die ander inwoners van die koshuis steur nie. Hy het ook gesê hy sal hulle "neither ignore nor punish".

Ander uitsprake daaroor was dat verslaafdes gehelp moet word, dat hulle ten minste nie soos drinkers alleen drink of rook nie, maar dat hulle dit doen om 'n samehorigheidsgevoel te verkry. Daar is selfs gesê dat hulle 'n gekwalifiseerde persoon in verband met die saak moet gaan spreek.

Professor Higgings het gesê dat die gebruik van verdowingsmiddels teen die wet is en dat dit nog verder in 'n swak lig gestel word deurdat Blanke studente dit by Swart studente aankoop.



*Maties se BTK-hut wat in April 1975 begin bou is, gaan die komende vakansie ingewy word, nadat daar die afgelope maande koorsagtig gewerskaf is om dit betyds gereed te kry. (Erkenning: Die Matie)*

## UP-SPORTTOER OORSEE

**In samewerking met die UP-sportkomitee, is mnr. Steve Rautenbach, Senior Sportbeampte, deur die Noord-Transvaalse Vereniging van Atletiekafrigters vanaf 26 Julie tot 25 Augustus 1978 oorsee gestuur.**

Die oorspronklike toer het 'n kursus en die Statebondspele in Kanada ingesluit, maar dis gekanselleer vanweë politieke druk en die nuwe sportbeleid van die Kanadese regering. Mnre. Rautenbach en Fanus Booysen wat hom vergesel het, het toe 'n interessante toer na Duitsland, Switserland, België en Engeland onderneem.

In Duitsland het hulle byeenkomste en ook 'n oefenkamp saam met die beste middelafstandatlete van die land bygewoon. Tydens hierdie kamp het hulle ook met Willie Wülbeck kennis gemaak – vierde op die 1976-oefenprogram. Oefenmetodes en tegnieke is breedvoerig met Paul Schmidt, die Duitse Nasionale Middelafstandafrigter, bespreek. Volgens mnr. Rautenbach word die aflosoefeninge as 'n belangrike faset van hulle oefenprogram beskou.

Die Duitsers was egter baie gasvry teenoor die Suid-Afrikaners en hulle gesindheid was oor die algemeen baie positief teenoor Suid-Afrika.

## KOMMERNOMMER

**'n Vreemde naam, 'n vreemde begrip maar dit sal binnekort op die Tukkie-kampus 'n welkome nommer wees.**

Kommernommer word deur MA- en Honneursstudente in Sielkunde aangebied wat verder ook 'n intensiewe en omvattende opleiding ondergaan. Die studente staan heeltemal los van enige amptelike instansie en enige probleme kan met hulle bespreek word, van motiveringsprobleme, liefdesprobleme, terneergedruktheid asook die wat net lus het vir gesels, mag ook maar die telefoon nadertrek.

Die studente word verseker dat die probleme wat daar bespreek word as hoogs vertroulike inligting beskou sal word.

## UITRUILSTUDENTE VAN RHODES

**Die Rhodes Universiteit spog met ses studente wat goedgekeur is AIESEC.**

Die studeerplan strek oor 'n tydperk van agt weke tot 18 maande.

Daar word aan die studente geleentheid gebied om praktiese ondervinding op te doen in die tegnieke en bestuur van 'n onderneming. Die studente is mejj. Jivika Botes en Averine Huleatt-James en mnre. Stehen Thorns, Rob Windell en Bernad Joffe. Mnr. Rob Newsome het die aansoek van die hand gewys omdat hy as voorsitter van die Nasionale Komitee van die AIESEC aangewys is. Almal is B.Comm-studente.


Liberty

VERSEKER U lewe

BESKERM U TOEKOMS

**Wanneer u u studies finansier, is die regte polis u versekering.**

Laat Liberty-lewensgenootskap u help. Ons nuwe polis is spesifiek vir u, die student, ontwerp en dit kan u help om u studies te betaal.

U kan die studentepolis gebruik as sekuriteit vir 'n lening by 'n bank of ander finansiële instansie. Deur premies van minder as R40 te betaal, kan u tot R5 000 leen. Ons polis sal natuurlik nie waarborg dat u 'n lening kry nie - dit hang van u eie kredietwaardigheid af — maar dit verskaf wel die sekuriteit wat 'n voorwaarde vir enige lening is en waarvoor u sekerlik gevra sal word.

En met 'n studentepolis het u nie net die steun van 'n lening nie, maar 'n waarborg dat Liberty lateraan twee verdere aansoeke om lewensdekking sal aanvaar, wanneer u 'n graad behaal, trou, of 'n kind ryker word, ongeag u gesondheidstoestand op daardie tydstip.

Al wat nodig is, is dat u jonger as 25 en 'n bona fide-student aan 'n inrigting vir hoër onderwys moet wees. Universiteit, opleidingskollege, voltydse studie en deeltydse korrispondensiekursusse - almal kom in aanmerking.

Praat dus met 'n versekeringskonsultant. Belê in die studentepolis, en verseker u studies en u loopbaan.

Liberty *verseker u lewe, beskerm u toekoms.*

LIBERTY LIFE ASSOCIATION -LEWENSGENOOTSKAP

die WAPAD

# STUDENTE DOEN DIENS

**Studentegemeenskapsdiens is nog 'n organisasie op die PU met 'n afkorting as naam. Dit lyk of hierdie diens iets gaan beteken. Daar word dikwels gekla oor die feit dat spesiale dienste aan studente verskaf word. Nou het studente die geleentheid om weer iets vir die breë gemeenskap terug te gee. Studente is 'n spesiale groep mense wat op hul eie besondere manier dinge doen. Hierdie geleentheid sal u ook nooit weer hê nie. Benut dit dus.**

# STUDENTE KAN MENING LUG

**Die gereelde monstervergaderings is 'n goeie idee. Ná die vorige vergadering was daar mense wat gekla het dat hulle nie hul menings gelug het nie en dat die vergadering eensydig was. U het nou weer geleentheid om u standpunt te stel. Dié vergadering is by uitstek die manier om beter kontak en skakeling tussen die massa en die SSR te bereik en probleme só uit te stryk.**


# EKSAMEN SPOED NADER

**Twee weke se klasdraf lê nog voor. Dan is daar 'n kort bloktyd, met die eksamen kort op sy hakke. Mense verskil baie in hul opvattings oor eksamen. Sommige meen dat dit een van die euwels van die eeu is. Ander glo weer in 'n ouboere-eksamen. Hoe dit ook al sy, is dit 'n realiteit. Ons moet dit aanpak en die beste daarvan maak. Vir die student wat dwarsdeur die jaar gewerk het, kan die eksamen die hoogtepunt en afsluiting van 'n jaar se harde werk wees. Vir die min luier een, 'n riller. Laat ons egter skouer aan die wiel sit en red wat te redde is. Die Wapadredaksie wil hiermee almal sterkte vir die eksamen toebid en toewens. Vind u krag met verantwoordelikheid in God.**

# DIE WAPAD GAAN RUS

**Na 'n jaar van harde werk vir die ou en nuwer redaksie is verby. Die aka. Vir almal wat meegewerk het, sê ons baie dankie. U lesers se kritiek sal altyd welkom wees - ook volgende jaar waarin ons hoop om u 'n bevredigende koerant te bied.**

**Let asseblief daarop dat Die Wapad van 6 Oktober 1978 no. 16 sal wees.**




## Uit die Woord

*"Hiermee lê Ek My woorde in jou mond. Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant" Jer. 1:9.10..*

*As die kerk hom in die prediking maar net sou besig hou met die "onsterflike siel", wat vir die "nimmereindigende ewigheid" geskape is, of as die kerk die evangelie sou reduseer tot 'n polis wat hemelse saligheid verseker, sal die kerk nie veel moeite en botsing hê met die owerheid en die politiek nie. Tydens die Tweede wêreldoorlog het die Gestapo in Duitsland gesê: As die kerk hom alleen maar met die hemel bemoei en ons toelaat om sake op die aarde te reël, sal die kerk geen las van ons hê nie.*

*Nou is dit egter so dat ons die boodskap dra van die lewende God wat nie toelaat dat Hy beperk word tot die terrein van die sielelewe en die hiernamaals nie. God sê: Die hele wêreld met al sy moontlikhede kom uit My hand. Ek het dus alle reg daarop. Hier het Ek seggenskap.*

*Jeremia sou ook liewer 'n beroep van God wou ontvang het om alleen maar die Woord van God te fluister binne die terrein van die intieme "sielelewe". Dan sou hy dit soveel makliker gehad het. Maar nou word hy beroep as 'n profeet in algemene politieke diens. Nie 'n politieke profeet nie, maar wel 'n profeet wat aangestel is: "oor die nasies en oor die koninkryke om (met God se oordeel) uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes (vier maal negatief) maar ook (om met God se belofte) te bou en te plant (twee maal positief!) Die kerk wat gehoorsaam hierdie taak volvoer, sal dit nie maklik hê nie. Maar vrees nie, "want Ek is met jou, spreek die Here, om jou uit te red"*

*As christene mag ons dus nie ons politieke roeping versuim nie. Ons mag nie vir hierdie moeilike beslissings en getuienis wegvlug nie. Dan is ons maar net skynbaar vroom. Jeremia wou ook liewer die beroep bedank het, maar dit het hom nie geluk nie. En Daniël het elke dag in die politiek van die heidense hof geleef. Hy het nie gevlug nie, maar gebid dat hy nie verontreinig mag word nie.*

*God het in Sy oordeel en beloftes alles met die politiek te maak, en daarom moet ons ook op 'n christelike manier alles daarmee te doen hê.*

## WAT IS WAT DEUR WIE WEET WIE

# DIE KUNS OM TE DINK

**"Most people are other people; their thoughts are someone else's opinions, their lives a mimicry, their passions a quotation" - Oscar Wilde.**

Oorspronklikheid is 'n term wat min ooit verdien. En die uitsonderinge die enigstes wat nie te lui is om te dink nie. Tog besef van hulle nie dat rasionele oorspronklike denke nes enige ander aktiwiteit, slegs met oefening kom nie.

Wanneer laas het jy langer as tien minute positief gedink en beplan - al sou dit net 'n fiktiewe skema wees? En wanneer laas het jy 'n hele Sondagmiddag lank jou hele milieu ontleed en geanaliseer? Jy is lui om te dink, my medestudent.

Het jy 'n persoonlike filosofie (of jy vir of teen Korps is, is 'n bietjie vlak daarvoor). Weet jy wat, (en hoekom) dinge rondom jou aangaan? En waar jy gaan uitkom? Indien nie, is jy 'n slagoffer van omstandighede, en 'n fatalis.

Jy moet eerder jou belangrikste bate vir eenmaal in jou lewe begin inspan om verder as wie-betaal-vir-die-bier en watter-rokkie-trek-ek-môre-aan te dink. So belê jy in die toekoms, en met 'n universiteit van denkendes, sal ons baie minder "doenendes" nodig hê.

Dink daaraan - jy skep die wêreld van môre.

## SAN SE REGIMENT

Jy!

Die omgesukkelde Hollanders se skaamte oor hul roesemoes van laas het hul toe laat saamstaan. (Selfs die staan was maar wankelrig, deurmekruis). Ek met die doopnaam Susanna moet toe die regiment inspekteer; ag, maar wee ons (ek, San en jy! my massavriend) van dié spul sukkelaars:

**Drienis Te Loff:** hy is die voorsitter, voorprater (of is dit grootprater?). Hierdie slapperige lange is nou al drie jaar lank slap.
**Lewies Janlooi:** adjunk-voorsitter: hy is glo adjunk omdat iemand die voorsitter 'n potjie moet speel sodat Te Loff (soms) darem by die snoekertafel kan wen.
**Bruinman Depein:** vise-voorsitter (kry hy visie by sy voorsitter?) Wat volg, is nie vir publikasie: as GP 'n Swartvrou was, was sy nie op Robbeneiland nie.
**Dedaan Block:** sekretaris: girts-girts, my hand word lam, my pen deurmekaar, my kop leeg, ag, ek meen andersom; Wat gaan tog aan?
**Trisko Dikkernoes:** HIER IS NIE GELD NIE! Hy is dus die geenpenningmeester.
**Ydie Wannervalt:** addisionele lid (die Hollanders wil mos altyd 'n ietsie ekstra/addisioneel bysit vir skop (of die grap?))
**Tennie Habbingh:** Studentediens - hy sê hy wil goedkoper rakette en wyn laat verskaf (skrap waar nie van realiteit nie).
**Spasch Ter Leen:** Openbare Betrekkinge - hierdie werk is betreklik openbaar: onthou om vir die publieke kamera te glimlag!
**Ketrie de Korps:** Gemeenskapsdiens. Dit beteken blykbaar nié: "dis gemeen om diens te gee aan skaps (Eng. = skops (scotch?) Vra hóm wat dit wel beteken; San weet nie. Liber Factus is mos 'n onderliggaam van Korps?
**Gits Frepolov:** ASB-projekte (hy reël blykbaar die Amerika Sal Bars - veldtog/projek/studiestuk)
**Are-Mannie Yeskops:** Wapad, Advertensies, Publikasies, Datums (hoekom so omslagtig: tog nie belangrik nie: vanwaar die stappie, mandjie, houdinkie?)
**Bertpiet Kortjou:** O nooi van die velde; op die Lentefees val die helde!
(Hy doen Ontspanning, Geboue, Terreine, Voertuie = kampusdienste)
**Niepa-rio TP-us:** Hy doen dieselfde kampusdienste. Sy bekendste uitspraak oor die kampus: hierdie terrein is gebou vir ontspanning in voertuie.
**Dagdel Vannermalt:** Opleiding - sy ly blykbaar op (aan?) na hoëre strewes.
**Geert Bred:** Weerbaarheid- en fiksheidopleiding: San moet skiet en draf - word Geert nou laf? (Hy weet blykbaar hoe nodig Susan dit het!)
**Friegsied Eiselende:** Kleure, eksamens, toere. Hy beheer toere voor/na/in die eksamen sodat die gesagsdraers net kleure (rooi veral) sien.
**Jota Boutjes:** Karnaval en Intervarsity Karnavaltema is Gesondheid; Intervarsitytema géén Gesóhntyt!!!
**Andries Vanniewal:** Grondwette: aan die skryf, penne; die argied se lêers word leeg!

Dus, hier gaan die konkoksie: Agterwaarts mars!
Susannasan

# NUWE KONSTITUSIE IN SOEKLIG

**Die aanloop tot die konstitusionele voorstel is te vinde in die Erika-Theron kommissie verslag wat op 9 April 1976 vrygestel is.**

In 'n onderhoud met die WAPAD het advokaat S.C. Jacobs die nuwe konstitusionele bedeling bespreek. Hy is van 1979 professor in Publieke Reg.

In die meerderheids- en minderheids aanbevelings word gewig daarvan gemaak dat die bestaande Westminister gefungeerde regeringstelsel nie in Suid-Afrika slaafs nagevolg hoef te word nie. Hierdie stelsel behoort aangepas te word om voorsiening te maak vir politieke aspirasies van die Suid-Afrikaanse bevolkingstruktuur. Na aanleiding van hierdie aanbevelings is 'n kabinetskomitee onder voorsitterskap van mnr. P.W. Botha, saamgestel om die moontlikheid van 'n nuwe staatsbestel vir Suid-Afrika te ondersoek. Hierdie kabinetskomitee het sy voorstelle in Augustus 1977 bekend gemaak waarna dit deur verskillende Nasionale partykongresse goedgekeur is.

Die voorstelle van die kabinetskomitee behels kortliks die volgende:

Die kern van die voorstelle behels dat daar drie afsonderlike volksrade vir die Blanke, Kleurlinge en Asiërs onderskeidelik geskep word. Hierdie volksrade sal die bevoegdhede hê, om partikuliere aangeleenthede aan te neem, dit wil sê aangeleenthede wat uitsluitlik hierdie bevolkingsgroepe raak.

Elke bevolkingsgroep sal verder oor sy eie kabinet, met 'n eerste minister aan die hoof daarvan beskik. Uit hierdie onderskeie drie volkskabinette word dan 'n gesamentlike kabinetsraad saamgestel. Laasgenoemde raad se belangrikste funksie sal waarskynlik wees om wette oor gesamentlike aangeleenthede te inisieer en op te stel, en dit word daarna na verskeie volksrade vir aanneming gestuur.

Die voorstelle maak ook voorsiening vir 'n uitvoerende staatspresident wat nie slegs 'n nominale staatshoof, soos die huidige staatspresident sal wees nie, maar wat 'n aktiewe rol in staatsadministrasie, openbare lewe en politiek van die dag sal speel. Die staatspresident sal dan ook die hoof van die kabinetsraad wees.

Die huidige senaat sal nie in die nuwe bedeling voortbestaan nie. Daar word voorsiening gemaak vir die instelling van 'n presidentsraad. Hierdie raad sal bestaan uit al drie die bevolkingsgroepe. Die raad het veral die funksie om die staatspresident en/of die kabinetsraad oor sake van belang te adviseer.

Daar word voorsiening gemaak vir 'n advieskomitee wat geskille oor die gesamentlike wetgewing, wat kan ontstaan, uit die weg te ruim. Indien hulle nie die geskille kan bylê nie, berus die finale beslissing by die staatspresident.

Aangesien daar nie provinsiale rade vir Kleurlinge en Asiërs bestaan nie, word daar in voorstelle aanbeveel dat 'n stelsel van streeksrade vir die Kleurlinge en Asiërs in die lewe geroep word. Wat die blankes betref word dit aan die bestaande provinsiale rade oorgelaat om te besluit of hulle die bestaande provinsiale rade met sy grense wil behou, en of hulle daarteenoor die voorgestelde bedeling in streeksgebied wil volg. Die grondwetkommissie beveel aan dat elk van die drie groepe, in stede sowel as in dorpe, hulle eie plaaslike rade volgens 'n eie kiesstelsel kies.



*Suid-Afrika se nuwe Staatspresident mnr. B.J. Vorster, wat op 29 September 1978 aangekondig is.*

Volgens mnr. Jacobs bestaan daar die volgende knelpunte in die voorgestelde bedeling en moontlike riglyne:

Een van die belangrikste probleme wat ontstaan, het betrekking op die leerstuk van parlementêre soewereiniteit. Ons huidige staatsreg ken soewereiniteit aan een staat toe, en hoe die soewereiniteit dus in drie parlementêre sisteme geleë gaan wees, is onseker.

Wat die Kabinetsraad betref, moet daarop gewys word dat die konsensusbeginsel die besluitingsproses in hierdie heterogene liggaam sal vertraag.

'n Verdere probleem is dat daar tot dusver geen skeidslyn tussen gemeenskaplike- en partikuliere sake getrek is nie. Indien die klem op gemeenskaplike sake sou val, sal die weg hiervoor voorberei word vir 'n geïntegreerde staatsreg patroon. Die gesamentlike wetteaangeleentheid, sowel as die uitvoerende gesag, dit wil sê die staatsdiens word dus oorwegend geïntegreerd. Meneer Jacobs meen die klem behoort op partikuliere aangeleenthede te val. Die enigste juridiese wyse waarvolgens die skeidslyn getrek kan word, is dat gemeenskaplike- en partikuliere sake in uitdruklike taal in die grondwet afgebaken en omskryf moet word.

Dit moet ook betwyfel word of die gesamentlike advieskomitee gesamentlike verskille sal kan oplos. Ook sal daar een of ander kontrole meganisme ten opsigte van die uitoefening van bevoegdhede van die staatspresident oorweeg moet word.

'n Uiters belangrike vraag waarop daar nog geen antwoord is nie, is of getalle verhoudings in die onderskeie liggame verskans gaan word, en of dit daarteenoor die bedoeling is dat hierdie getalle met die verloop van tyd in 'n kontinuerende proses by die verskillende bevolkingsaanwas aangepas gaan word.

Verder sal daar ook gedink moet word aan die probleem wat rondom bestaande wette, wat voor die inwerkingtreding van die nuwe bedeling, deur die Blanke parlement aangeneem is. Die vraag ontstaan in hierdie verband op watter wyse hierdie wette herroep of gewysig sal word.

Bogenoemde kritiek moet nie verstaan word as kritiek ter wille van kritiek nie, maar om in die saamdinkproses, die voorstelle prakties waar te maak. Meneer Jacobs meen dat die voorstelle alleenlik prakties uitvoerbaar sal wees indien belangrike juridiese aanpassings gemaak word.

UIT

NO. 13

## KRITIEK OP DIE WAPAD

Geagte Redakteur,

"Experience, the name men give to their mistakes" - Oscar Wilde.

"Wapad"? Ons spieël aan die buitewêreld? Waarom dan die opsigtelike gebreke - 110 poste - dink net hoe effektief gaan ons saamwerk (en kompetisie IS mos gesond). En redakteur cum helfte van mansredaksie uit Klooster? Veels geluk. En tog jammer dat die vorige SSR nie die objektiewe trant wou behou nie - en hulle eie redakteur aangestel het. Met gevolge soos: "Studente Steel" vir 'n opskrif. Hoe jammer dat die buitewêreld nie gaan verstaan wat ons diewe eintlik wou bedoel nie. En spasiemors (met half bladsy redaksioneel wat vir haastige lesers "die Wapad" opsom). En 'n volledige redaksie plasing. "(How good to see one's name in print)" - die dinge kos 'n goeie R240 se advertensies (wat jý hoe kry, huh?) Tog tyd dat ons koerantjie minder apologeties, versigtig en morsig berig gee - verkort die briewe, lees die berigte voor plasing (jammer prof. "Van") en probeer om 'n slag nie geld te mors nie.

*Wakker word*

**Redakteur antwoord:**

**(Uit u brief lei ek af dat 110 poste volgens u 'n gebrek is. Mag ek u dan daarop wys dat hierdie 'n studentekoerant is. Studente moet primêr studeer en 'n mens kan nie van hulle verwag om voltyds vir die koerant te werk nie. Waar die redaksie voorheen min mense was wat baie gewerk het, is daar nou baie mense wat min werk.**

**Daar is baie redaksielede uit Klooster. U kan gerus na die aansoeke kom kyk - ek het dit vir probleemgevalle bewaar. Die meeste mansaansoeke het uit Klooster gekom. Feitlik almal wat aansoek gedoen het - uit watter koshuis ook al - het 'n pos gekry. Die poste op die redaksie is ook nie net deur die redakteur toegeken nie, maar deur 'n komitee, bestaande uit twee SSR-lede, die nuwe redakteur en sy assistent. Dít is volgens die grondwet. Dit is ook nie die vorige SSR wat die redakteur aangestel het nie, maar die huidige, ook volgens die grondwet - behoort ú dit nie te weet nie? Buitendien staan Die Wapad onder patronaatskap van die SSR en mag hulle dus aanstel wie hulle wil.**

**'n Kop - u noem dit 'n opskrif - is nie bedoel om die buitewêreld ten volle in te lig nie; daarvoor is die berig daar. Die kop moet juis die leser prikkel om dit te lees.**

**Die redaksionele kommentaar wás lank - ek was ook geskok. Sou die drukkers dit in normale lettergrootte gedruk het, soos ek dit beplan het, sou dit die normale twee kolomme beslaan het. U sê dat "die redaksioneel" Die Wapad opsom. U het dit nie goed gelees nie: as u mooi kyk sal u sien dat daar kritiek gelewer word, iets wat gewoonlik nie in die res van die koerant gedoen word nie.**

**Dit was nodig om eenmaal die volledige redaksiekolom te plaas, sodat studente wat nuuswenke het, kan weet wie hulle moet kontak. Die redaksie kan self baie goed daarvan gebruik maak vir goeie koördinering. Die gedagte wat ook nie om elke keer die volledige redaksie te plaas nie.**

**As u so angstig is om advertensies in Die Wapad te sien, doen aansoek vir een van die reklameposte en werf die R240 - die redaksie én die SSR wat die koerant finansier, sal dit verwelkom. U kan ook tien persent kommissie verdien!**

**Dit is ook nie my mening dat die berigte apologeties, versigtig en veral nie morsig is nie. Die koerantstyl is seker nie altyd die beste nie - dit is na alles amateurs wat dit uitgee. Die nuwe pos vir 'n opleidingsredakteur is juis geskep om die kwaliteit te verhoog. Alle berigte word seker ten minste drie keer deur verskillende mense deurgegaan vóór plasing.**

**Sal u my asseblief laat weet hoe u dink dat Die Wapad geld mors en wat u met "wat ons diewe eintlik wou bedoel nie"**

**Dankie vir u goeie wenk om briewe te verkort.**

**En as ons nou Engels moet praat: "Sarcasm is the lowest form of whit."**

**- Red)**

# SUID-AFRIKA ONDER NUWE LEIDING

deur MARIANNE SLOT

**Na 'n spannende tydperk vol bespiegelinge en gissings, is mnr. P.W. Botha, Kaaplandse leier van die Nasionale Party, tot nuwe eerste minister van Suid-Afrika verkies.**

Pieter Willem Botha is op 12 Januarie 1916 naby Paul Roux in die Vrystaat gebore. Op 'n 20-jarige leeftyd word hy deur dr. D.F. Malan genader om organiseerder van die Nasionale Party van Kaapland te word. In 1948 is mnr. Botha tot LV van George verkies, wat tot op hede nog sy setel is. In 1961 het mnr. Botha Minister van Gemeenskapsbou en van Kleurlingsake geword. In 1966 word hy Minister van Verdediging en later gedurende dieselfde jaar is hy tot Kaaplandse leier van die Nasionale Party verkies.

Die aankondiging, waarop nie net die volk van Suid-Afrika, maar die hele wêreld gewag het, is deur die party se hoofsweep mnr. Ben Kotze gemaak. Suid-Afrika se nuwe hoofleier is met toejuiging begroet en voor 'n skare van sowat tweeduisend mense het mnr. Botha sy eerste toespraak in sy nuwe hoedanigheid gelewer.



*Die nuwe Eerste Minister wat op 28 September 1978 verkies is, mnr. P.W. Botha.*

"Die primêre doel van goeie regering is om vrede te handhaaf, ordelike verhoudinge tussen mense en gemeenskappe in stand te hou en doeltreffende, eerlike administrasie toe te pas. Ons sal ons plig in dié verband getrou nakom".

Mnr. Botha het verder in sy toespraak gesê - "ons moet onsself sekere mikpunte stel. Vir eers, die handhawing en ontwikkeling van ordelike regering. Ten tweede om te alle tye eerlike openbare administrasie en doeltreffende regering te handhaaf. Ten derde om 'n positiewe beleid toe te pas om die verhoudings tussen ons verskillende bevolkingsgemeenskappe te verbeter, met inagneming van die onvervreembare reg van alle volke op selfbeskikking."

Mnr. Botha het verder gegaan deur te sê "Ons sal voortgaan in geloof en ons sal voortgaan in nederige gehoorsaamheid aan God, wat die bestemming van die mens bepaal."

## DINK WEER OOR YANKS

Geagte Redakteur,

Ek verwys na u berig omtrent Emsie Arnoldi se besoek aan die VSA, in Die Wapad van 29 September 1978. Hierby ook u bespreking van die aangeleentheid onder die hoof "Eerder Amerika toe?"

Dat Emsie korrek is in soverre 'n groot persentasie van die Amerikaanse jeug dwelmmiddels gebruik; dat daar aan sommige Universiteite gemengde verblyf in die koshuise toegelaat word en dat daar wel rassewrywing is, wil ek geredelik toegee. Waarteen ek egter beswaar maak, is die feit dat sy, en u in u artikel, u skuldig maak aan veralgemening. (In ander lande waar aan veral die oorsese pers dit self ten opsigte van Suid-Afrika vergryp, en dit sou jammer wees indien ons in Suid-Afrika ook tot daardie vlak daal.)

Soos Emsie het ek ook die voorreg gehad om vir 'n jaar in Amerika te studeer. Met die elemente waarmee sy in Amerika in aanraking gekom het, het ek ook te doen gehad. My indruk was egter alles behalwe dat dit tipies Amerikaner is wat homself met hierdie aktiwiteite besig hou. Ek het die deursnee Amerikaner, as 'n diep gelowige, en soms 'n enkel verkrampte mens, leer ken. (Hoe verklaar mens anders wette wat die verkoop van drank verbied aan persone bo 21 jaar?) Laat ek ook van die Amerikaner sê dat enige Suid-Afrikaner by hulle kan leer wat dit beteken om hard te werk.

Die Yanks het verseker rasseprobleme. Heeltemaal objektief kan ek egter ook sê dat hierdie aangeleentheid deur die Suid-Afrikaanse pers in ons teenpropagandaveldtog dikwels heeltemaal oordryf word. Laat ons nie ons gewetens probeer sus deur na Amerika te verwys nie, want in die proses meet ons onsself aan die standaarde van 'n land met wie se kultuur u uself nie vereenselwig nie.

Uit 'n onderhoud met Emsie lyk dit asof haar ondervinding vir haar van nul en gener waarde, of selfs afbrekend, was. My persoonlike ondervinding was dat die jaar as AFS-student my visies verbreed het, my persoonlikheid en algemene kennis bevorder het, en bo alles het dit my tot die besef gebring hoe kosbaar my kultuur en Suid-Afrika vir my is.

Die goeie uit Amerika, het ek my eie gemaak, en dit wat teen my beginsels was, as sodanig mee gehandel.

U noem rasseprobleme as een van die moontlike aanduidings van 'n kultuur op die afdraende pad - dit is ironies dat u met daardie woorde ook die Suid-Afrikaanse kultuur veroordeel.

Josef Krüger

## KYK NA JOUSELF

Geagte Redakteur

Is die artikeltjie SAL ONS WEER STRY? op p.7 in die Wapad van 29 September 'n ope uitnodiging om die hartseerwals verder te voer?

Wel, daar is dit en dat en 'n duisend ander dinge gesê oor Pukke wat nie mag dans. Maar Pukke, iets in die hele omvang van die saak is nie lekker nie. Iets grens aan kleinlikheid. Is iets miskien kleinlik?


Dit word gesuggereer dat ons na die stukkie aangehaalde standpunt van die raad kyk.

Pukke, ons sit met 'n nuwe SSR en volgende jaar met nuwe Pukke. En verder sit ons ook nog met 'n ou, ou tradisie of wat ons dit ook al mag noem.

Kom ons gaan besin die vakansie wat voorlê, elkeen vir homself, en pak die saak volgende jaar aan met 'n vars gemoed en nuwe hoop op volwassenheid aan.

Pukke, daar is 'n langspeelplaat van Uriah Heep; LOOK AT YOURSELF.

C.F. Schoeman






*Die wenners van die Collegium Musicum-wedstryd van 1978 wat Donderdag 5 Oktober in die pryswennerskonsert opgetree het. Hulle is v.l.n.r. J. Coulter, P. Britz, L. Steiner, M. Smith, A. Howard, A. Strydom en D. Kruger.*



*Pieter Oberholzer as Aristarch in die dramadepartement se aanbieding van die Selfmoordenaar deur Nikolai Erdmann. Die aanbieding duur nog tot 7 Oktober.*

# *JETTY DE VRIES LEWER PUIK ORRELUITVOERING*


**'n Puik orreluitvoering is Sondagmiddag, 24 September deur die orreliste Jetty de Vries gelewer.**

In haar program wat grotendeels uit Barokmusiek bestaan het, het mej. De Vries gewys dat sy baie baat gevind het by haar oorsese studie onder leiding van die Oostenrykse orrelis, Anton Heiller. Haar benadering tot die Barokstyl was besonder stylgetrou. Die res van die program het bestaan uit vier komposisies van plaaslike komponiste en die Tokkate uit die eerste sonate van A. Heiller.

Die uitvoering van Barokmusiek is dikwels baie moeilik vir 'n kunstenaar met 'n romantiese of moderne musiekagtergrond. Mej. De Vries het hierdie styl egter deeglik onder die knie en het sodoende daarin geslaag om die gehoor enduit te boei. Haar benadering ten opsigte van Barokartikulasie en die sinvolle registrasie van die verskillende werktipes was stylgetrou. Daarmee saam het sy ook vaardige vingertegniek en 'n standvastige ritmiese aanvoeling.

Haar sterk aanvoeling vir progressie was egter soms oordrewe en sodoende het van die mooier momente as gevolg van die meganiese spel verlore gegaan. Die belangrike aspek van die agogiese aksent wat so onmisbaar is om die statiese klank van die orrel meer plooibaar en uitdrukkingsvol te maak kon ook in 'n groter mate aangewend word – veral in die stadiger en dansagtige gedeeltes.

Mej. De Vries het voorwaar die spontane toejuiging van die gehoor verdien. Daar word uitgesien na verdere uitvoerings deur hierdie belowende jong orreliste.



*'n Paar van die skilderye wat op die pasafgelope uitstalling in die Totiussaal te sien was. (Foto: Jaco Pretorius)*

# LENTE VONKEL IN LENTEVONKEL

**Die Lentevonkel wat vanaf 20 tot 24 September deur die departement drama aangebied is, het werklik daarin geslaag om iets van die lente aan die gehoor te bied.**

Soos in die verlede, het die program bestaan uit 'n klomp Duitse liedjies wat hierdie keer afgewissel is deur twee vertellings van Jan Spies, *'n Gelol*, en *Waaksaam*. Die vertellings word baie gehoor en kan dus vervelig raak, en dit was dalk nie so wys om dit in die program in te sluit nie. Dit was egter goed voorgedra.

Die res van die program was waarlik genotvol Orkestrasie, stemme en bewegings was van so 'n aard dat die regisseur, Aldo Behrens baie goed kan voel oor die aanbieding. Die kontak tussen die spelers en gehoor was baie bevredigend.

Aldo Behrens en Paul Schutte het as soliste opgetree en die musiekverwerkings is gedoen deur Awie van Wyk. Hierdie aanbieding was in alle opsigte beter as die *Paljas* van Boerneef van 'n paar maande gelede.



*'n Toneel uit die pasafgelope Lentevonkel van die dramadepartement*

# JV STAL REALISTIES UIT

**'n Grootse poging is deur die JV (Afdeling Cachet) aangewend om eendersyds die werke van hedendaagse Suid-Afrikaanse skilders aan die studente bekend te stel, en om andersyds fondse in te samel vir die opleiding van leiers in die Hoëveldse bond van die JV. Skilderye van 'n hoë gehalte is op die uitstalling aangebied wat op Dinsdag 26 Septemberdeur prof. J.S. du Plessis geopen is.**

Nagenoeg 24 kunstenaars het by die geleentheid uitgestal, en sowat 120 skilderye is te koop aangebied. Onder die bekendste kunstenaars was name soos Gabriel de Jongh, Errol Boyle, Otto Klar, Jeanette Dykman, Wessel Marais en Gian Piero Garizio. Dié uitstalling was 'n goeie verteenwoordiging van realistiese Suid-Afrikaanse skilderkuns, en die meerderheid werke is gekenmerk deur 'n fyn aanvoeling en behendigheid met die kwas. Ewe realisties was die pryse van die werke, en die gemiddelde man kon maklik van die skilderye in die hande kry.

Die JV poog om jaarliks 'n kunsuitstalling van dié aard te hou.

*DRAMA*

*ek het aan die naelstring vasgeklou*

*maar jy het uitgegly*
*en is veranker aan my*
*en dae van smart sal wankel oor jou*

*ek sal nie luister*
*na kermkrete wat*
*slette hatig tot jou skreeu nie*

*die modder is vir jóú:*
*jy ploeter in die drek*
*van stryd teen tyd –*
*ék sal jou naelstring wees*

*alle stryd verby . . .*

*maar nee, ek sal jou gedagtes uitsprei*
*en uit my dagboek uit verwees.*

*Miempie Venter*

# SKRYWERSKRING PUBLISEER

**Skrywerskring, die studentedigters van die Puk, stel hierdie jaar weer die digbundel *LENS* bekend. Die bundel bevat sowat 30 verse, met Anne Grobler, Rudolph Willemse, Daleen Kruger en Wilma van der Walt as die belangrikste digters.**

Die keurders wat verantwoordelik was vir die keuring van die gedigte was prof. T.T. Cloete, mnr. Jan Swanepoel en mev. Netta Schutte, en die voorsitster van Skrywerskring 1978, Anne Grobler, was redaktrise.

Die bekendstelling van *LENS* 77/78 is op Vrydag 13 Oktober en die sprekers by die geleentheid sal die digter, D.P.M. Botes, en ons eie prof. T.T. Cloete wees.

Die prys van die bundel sal in die omgewing van R1,20 wees.

# KUNSTUDENTE HOU UITSTALLING

**Die jaarlikse uitstalling van die kunsstudente is op Maandagaand 2 Oktober deur prof. Rassie Smit geopen. 'n Netjiese en goed beplande aanbieding van die werke, het bygedra tot die sukses van die geleentheid.**

Die werke is so gerangskik dat elke werk individueel en duidelik tot die aanskouer spreek. Daar is deurgaans 'n hoë gehalte gehandhaaf en die verskeidenheid was inderdaad wyd. Kunswerke het gewissel van olieverf en grafiese kuns, tot beeldhouwerk en pottebakkerswerk. Veral die potloodtekeninge het sterk opgeval en die fotografie was werklik verrassend.

Dit is moeilik om sekere kunstenaars uit te sonder, maar mens moet tog na die skildery van Maude Opperman verwys, waarmee sy 'n Kuesta-prys verwerf het. Veral die verfkwaliteit van hierdie werk val duidelik op.

In geheel gesien: 'n geslaagde uitstalling en voorwaar 'n mylpaal vir die Departement Beeldende Kunste.

**DIE BLOU WINKEL**

Indiër Sentrum Tel. 6364
Studente Paradys

**Grootste Verskeidenheid**
**Kwaliteit**
**Klerasie**
**Vir Mans en Dames**
**Billike Pryse**

*Kom kuier vir ons en kom kyk self*

**CRIMP CENTRE POTCH (PTY) LTD**

Winkel No. 28 Tel. 6378
Indiër Sentrum

*Spesialiseer*

Mode Materiale
(i) Trilobal
(ii) Polyester Katoenmateriale
(iii) Satyn
(iv) Gaberdine
(v) Baie ander stowwe
SPESIALISEER IN 'N GROOT REEKS
(vi) Gordynstowwe

